# Gebedsweek vir Christelike Eenheid 2022

## Dag Agt

**“TOE HET HULLE HULLE SKATTE OOPGEMAAK EN VIR HOM GESKENKE AANGEBIED: GOUD WIEROOK EN MIRRE” MATTEUS 2:11**

*Die gawes van verbondenheid.*

Handelinge 3:1-10 - Silwer en goud het ek nie, maar wat ek het, gee ek aan jou.

Die sterrekenners het hul skatte oopgemaak en die pasgebore koning hul gawes van goud, wierook en mirre aangebied. Ons historiese verdeeldheid, ons verkeerde beheptheid met reëls en rituele, ons besorgdheid oor wêreldse dinge, het ons verdeel en verskeur. Watter gawes het ons dus om aan te bied vir die koning wat kom om ons lewens te verlig en ons na die genade van eenheid te lei? Die Here verlang van ons harte wat met liefde klop: harte vol van liefde vir Hom en vir ons broers en susters in Christus, hulle van wie ons geskei is; harte wat oorloop van barmhartigheid en harte wat waarlik berouvol is en begeer om te verander.

### Gebed vir elke dag

**Hemelse Vader,**

ons bid vir die sigbare eenheid van die Kerk.<br>
Soos die sterrekykers deur ‘n ster gelei is,<br>
bid ons dat ons, gelei deur die lig van Christus,<br>
dié pad in nederigheid en met geduld<br>
saam met alle Christene sal stap.

Versterk die bande van eenheid<br>
en ons liefde vir mekaar<br>
en help ons om saam te werk en getuies te wees<br>
van hulle wat uit hul tuistes verdryf is,<br>
van die vlugtelinge, van die swakkes<br>
en almal wat deur die samelewing verwerp word<br>
Hou ons oë op Jesus<br>
sodat ons nie die pad byster sal raak nie.

Verenig ons met Hom,<br>
Hy wat die weg, die waarheid en die lewe is.<br>
Amen.

© Die Oratorium Uitgewery